

# Bestuur van 'n Kudde

JOHAN MOUTON – Molatek tegnies, Johan.Mouton@RCLFOODS.com

Met die versoek vir 'n artikel oor algemene kuddebestuur word 'n legio gedagtes ondersoek. Dit is goed om mense wat al lank in 'n bedryf is en volhoubaar produseer se mening te kry. Daar is produsente wat aan die voorpunt is met gebruik van nuwe tegnologie, embrio oorplasing, alternatiewe hulpbron benutting ens. Ten spyte van verkillende filosofieë in hierdie ondernemings is daar 'n paar basiese beginsels wat al hierdie ondernemings handhaaf.

Nie 'n kuddebestuur beginsel maar het direkte impak daarop – Leef eenvoudig volgens die hulpbron se vermoë. Dit spreek vanself dat 'n koei een kalf inbring met 'n gegewe netto inkomste. Moet nie druk op die kudde plaas om 'n lewensstyl te handhaaf wat dit nie kan doen nie. Die natuur sal die finale sê oor die langtermyn hê.

Van die filosofie na die praktyk. Volhoubare ondernemings plaas hoë druk op vrugbaarheid. Dit begin by die geboorte van 'n lewenskragtige kalf waarvan die moeder so gou as moontlik weer dragtig raak. Die kalf word nooit gestrem

tot speen nie. Produksielek vandat koeie begin kalf tot die bulle uit is, is 'n praktyk wat algemeen toegepas word in hierdie kuddes. Dit moet nie veld vervang nie maar aanvul om die koei vinnig weer in siklus te kry. Kruipvoer bevoordeel eers die koei vanaf maand 5-6 na kalf wanneer sy reeds weer dragtig moet wees. Die produksielek bevoordeel die koei direk en verhoog melkvloei vir 'n lewenskragtige kalf. Nadat bulle uit is word eenvoudige fosfaataanvulling gegee (Somerveld). Die verskil tussen 'n koei wat in haar eerste siklus kalf teenoor 'n koei in haar tweede siklus is ± 22 kg in speengewig. Beide se vaste koste is dieselfde maar die een bring ± R700 meer in teen Februarie 2025 pryse.

Oorparing van verse vind plaas waar meer teruggehou word as benodig om seker te maak getalle word instand gehou, veral met tweede kalf verse wat 'n uitdaging kan wees om dragtig te kry. Grootmaak van die verse begin by 'n lewenskragtige kalf wat gebore word en nooit gestrem word tot sy die tweede keer dragtig is nie. Spesiale sorg word vir die verse die eerste winter gegee met voorkeur weiding en produksielek. Die doel is uitsluitlik dat sy nie moet massa verloor gedurende die eerste winter nie, indien daar 'n effense massatoename is word dit as 'n bonus beskou. Druk word geplaas op verse wat in hul eerste siklus gevat het in die kudde te hou. Verkorte dek seisoene van 45 dae kom geredelik voor.

Die vraag kom in droogte tye na vore hoe verskil die voedingsbehoeftes van diere in sulke tydperke. Die antwoord is dat diere dieselfde behoefte het vir die produksiestadium waar sy verkeer, droogte en nat tye. Dit sluit aan by die hulpbronbestuur wat poog dat elke dier op die plaas elke dag genoeg droë materiaal inneem – 365 dae van die jaar. Suksesvolle kuddes het 'n hulpbron bestuur filosofie wat klem plaas op hulpbron verbetering. Ongeag die ontblarings metode wat gebruik word het hierdie ondernemings 'n vroeë waarskuwings stelsel wat genoegsame waarskuwing gee van 'n toekomstige ruvoer tekort wat mag ontstaan. Dit word bereik deur genoeg produksie gedurende die somer te laat vir die winter. Gestel die plaas spaar 'n derde van sy somerveld om genoegsame winter materiaal te verseker. In moeilike tye is die twee derdes wat gewei word miskien al Februarie gedaan. Die gespaarde veld kan dan begin benut word maar elke maand wat dit vroeër benut word as die normale tyd (bv. 1 Junie) is 'n maand wat daar te min kos aan die einde van die winter gaan wees en voortydige aksie kan geneem word. Die spaarveld roteer normaalweg sover prakties moontlik tussen seisoene wat 'n positiewe effek op hulpbron instandhouding en gesonde veld het.

Kortpaaie word nie gevolg met insette nie. Dit beteken nie dat fyn beplanning en koste vergelykings nie gedoen word nie, maar die beginsel van waarde vir geld word ontgin, goedkoop is dikwels baie duur. 'n Droë koei benodig byvoorbeeld ± 200 – 230 gram proteïen per dag vir oorwintering op spaarveld. Minder as dit gaan sy liggaam reserwes benut om te oorleef. Hiermee saam het sy sekere entings ens. nodig. Deur minder van hierdie basiese behoeftes te gee kon in baie gevalle meer koste effektief gewees het deur niks te doen nie aangesien die verlaagde toediening effek weglaatbaar kan wees. Die beginsel geld vir alle insette, genetika, kwaliteit van arbeid, bemarkers, raadgewers ens.

Ten einde al die punte bymekaar te hou het die ondernemings doeltreffende rekordhoudingstelsels. Hulle weet hoeveel lek hulle diere gevreet het, wanneer is wie met wat geënt/doseer. Wanneer die vroeë waarskuwingstelsel verg dat diere verminder word is die identifisering van swakker presteerders 'n besluit wat op feite en nie emosie geneem word nie. Rekordhouding is krities met bestuursbesluitneming om te evalueer of 'n praktyk die nodige resultate gelewer het. Ingeligte besluite sonder twyfel kan geneem word, hoop is nie 'n plan nie. Vir die rigting van naspeurbaarheid waarin die bedryf beweeg vir sy voortbestaan is goeie rekordhouding vir bestuursbesluitneming nie onderhandelbaar nie.

Die bestuur van 'n suksesvolle beeskudde het 'n paar absolute waarhede te midde van 'n magdom sienings en menings.

- Genoeg verkoopbare produk – Reproduksie is krities
- 'n Bees is 'n rumen dier – Hulpbronbestuur vir gras 365 dae van die jaar
- Beeste kan baie goed tussen kwantiteit en kwaliteit onderskei - Vermy kortpaaie met insette
- Meet om te weet